Maandag **15 Julie**

**Skrifgedeelte: Psalm 103:18-28**

**Fokusgedeelte: Psalm 103:22**

**Die lof van die Here is my diepste roeping**

Die Here is Koning oor sy ganse skepping. Psalm 103 roep die gelowige onderdaan van God op om Hom in alles te loof. Meer nog, die ganse skepping hoor hierdie oproep. In vers 22 word dit juis duidelik.

In die oproep sien ons twee sake wat ons lof aan die Here raak. In die eerste plek sien ons dat al sy werke opgeroep word om Hom te loof. Dit is die doel van die ganse skepping, ons ingesluit. Ons moet ons Maker loof. Nou is die vraag: Waar moet ons dit doen? Op al die plekke van sy heerskappy. God is nie net die Koning wanneer ek Bybel lees, by die kerk is of met godsdiens besig is nie. Van die skoolbanke tot by die tehuis vir bejaardes, van die kerk tot by die werk, Sondag tot Sondag, staan sy ganse skepping onder sy heerskappy.

Laastens kan ons weet dat die lof van die Here my diepste roeping is. Lof aan God raak my in my siel en ek moet myself aanspoor om van my siel af uit die lof van God te besing, te verkondig en uit te leef. Hoekom? Omrede Hy in Christus sy Koningskap en heerskappy so oor ons geopenbaar het dat ons Hom kan loof. Koninklik het Christus aan die kruis gesterf, omdat ons van die sondeval af gedurig in opstand teen God se heerskappy is.

Christus maak ons deur die gawe van sy Gees weer gewillig om onder die heerskappy van die Here te buig en dit uit te roep: “Loof die Here, o my siel!”

*Sing: Psalm 150-1:1-3*

*Dr. C (Christiaan) Jooste (Waterberg)*